

Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (1):
Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en
Nederlandse taal- en literatuurstudie

Redakteursnota

'n Kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), met ondersteuning van die Nederlandse Taalunie, is vanaf 29 Junie tot 3 Julie 2017 op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit aangebied. Die kongrestema, *Kontrapunt: Kontrastiewe en komparatiewe perspektiewe op die Afrikaanse en Nederlandse taal- en literatuurstudie*, word in die oproep om bydraes verder omskryf: dit gaan naamlik om “kontrapuntale samehang”, waar beoog word om “binne die konteks van die komparatisme die kontraste sterker te belig, maar [tog] steeds met aandag aan ooreenkomste en gemene delers”.

Die organiseerders van die kongres, proff. Adri Breed (taalkunde) en Phil van Schalkwyk (letterkunde) van die Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, het die vyf hoofreferate vir publikasie voorgelê aan die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. In hierdie afdeling word drie uitgebreide en herbewerkte artikels, opnuut onderwerp aan eweknie-evaluering, oor Afrikaanse en Nederlandse taalstudie ingesluit. Ons beoog om in die Septembernommer twee artikels oor literatuurstudie te plaas.

INA WOLFAARDT-GRÄBE
Mei 2018